

Amerikaanse verbruiker steeds ryk, ondanks ekonomiese teëspoed

Wêreldwye ekonomiese nuus: Julie 2010

Deur Kevin Lings, STANLIB ekonoom

Ondanks die feit dat Amerikaanse verbruikers erg oorlaai is met skuld terwyl spaarpogings tweede kom, word nie altyd beseft en verstaan dat, ten spyte van die hoë skuldvlakke, die Amerikaanse verbruiker steeds besonder ryk is nie. Die VSA is steeds die wêreld se grootste ekonomie en verbruikersbesteding bly steeds die ruggraat van die ekonomie.

Verbande verantwoordelik vir skuld

In terme van skuld het die VSA se totale huishoudelike skuld teen die einde van vanjaar se eerste kwartaal op 'n lywige \$13.97 triljoen gestaan. Die grootste gedeelte daarvan bestaan uit huisverbande, wat 74% van die totaal uitmaak, terwyl verbruikerskrediet 17% uitmaak. Huishoudelike verbandskuld het van ná 9/11 tot en met die eerste kwartaal van 2008 met 'n massiewe 104.3% gestyg. Dit is 'n styging van \$5.4 triljoen binne 'n tydperk van net sewe jaar.

Gedurende hierdie tyd het die aantal nuwe huise wat gebou is, van 'n jaarlikse koers van 1.55 miljoen huise, vroeg in 2008 tot meer as 2.2 miljoen huise per jaar gestyg. Dit is 'n styging van 10.8 miljoen huise binne ses jaar. Ongelukkig staan sowat 14.4 miljoen huise op die oomblik leeg, wat baie hoog is: 40% meer as die aantal huise wat gedurende die opbloeytydperk in die huisboumark gebou is.

VSA se verbruikers probeer skuld afbetaal

Amerikaanse verbruikers probeer hulle skuld onder die knie kry. Verbruikersskuld (buiten verbandskuld) het oor 'n jaartydperk met 'n beduidende \$96 miljard gedaal. Oor dieselfde tydperk het die VSA se verbandskuld boonop met 'n stewige R256 miljard afgeneem. Tesame met 'n styging in persoonlike inkomste beteken hierdie afnames dat die verhouding van Amerikaanse huishoudelike skuld tot persoonlike besteebare inkomste van 131.4% in die eerste kwartaal van 2009 gedaal het tot die huidige 125.9%. Hoewel hierdie verhouding volgens geskiedkundige standaarde steeds as relatief hoog beskou word, is dit aansienlik laer as die toppunt van 136.4% wat in 2008 aangeteken is. Skuld-dienskoste is ook aan die daal, deurdat dit van byna 14% van besteebare inkomste in 2008 tot die huidige sowat 12% afgeneem het.

Die afname in huishoudelike skuld word weerspieël in 'n styging in huishoudelike besparing, met 'n marginale groei van 'n laagtepunt van minder as 1% van besteebare inkomste vroeg in 2008 tot die huidige 3.6%. In die algemeen behaal verbruikers redelike sukses met die afbetaling van skuld, relatief tot die hoogtepunt van die finansiële krisis. Die verbetering is egter nie fenomenaal nie.

Waarde van huishoudelike bates het gedaal, maar is steeds in lyn met langtermyn neigings

In terme van bates het die waarde van Amerikaanse huishoudelike bates aan die einde van vanjaar se eerste kwartaal op \$68.53 triljoen gestaan. Gedurende die kredietkrisis het die waarde van huishoudelike bates met 'n skrikwekkende \$17.5 triljoen geval, maar dit het sedertdien weer met \$6.1 triljoen gestyg – hoofsaaklik as gevolg van 'n verbetering van \$5.5 triljoen in die waarde van finansiële bates.

As gevolg van die toename in batewaardes oor die afgelope jaar, het die netto waarde van Amerikaanse huishoudings in die eerste kwartaal van 2010 tot \$54.56 triljoen gestyg. Dit is \$6.3 triljoen hoër as 'n jaar gelede, hoewel dit steeds \$11.2 triljoen onder die rekordvlakke is wat in 2007 bereik is. Die VSA se netto rykdom is nou byna vyf keer dié van huishoudelike besteebare inkomste. Die huidige verhouding stem eintlik presies ooreen met die langtermyn verhouding wat terugdateer na 1952, hoewel daar tye was toe die verhouding tot bokant 600% gestyg het.

In terme van historiese en internasionale standaarde bly die Amerikaanse verbruiker steeds uiters ryk, ondanks die hoë vlakke van skuld en die uitwerking van die kredietkrisis.

Wêreldwye ekonomiese vooruitsig

Namate huishoudelike besteding en sakebeleggings tekens van herstel toon, keer ekonomiese groei terug. Volhoubare groei bly egter onseker aangesien die ekonomiese herstel van verskillende lande en streke nie eenvormig is nie.

Met die hulp van 'n kombinasie van uitvoerige fiskale stimulus-pakkette en uitgebreide monetêre beleidsrigtings, het die meeste ekonomieë laat in 2009 en vroeg in 2010 positiewe groei aangeteken. Handelsyfers het ook beduidend verbeter, met internasionale handelsvolumes op 17% hoër as 'n jaar gelede, maar steeds 5% onderkant die ooreenstemmende vlak in 2008. Wêreldhandel sal na verwagting in 2010 met omtrent 7% groei, nadat dit in 2009 met 13.1% gedaal het. Wêreldwye ekonomiese herstel is egter uiteenlopend in verskillende lande en streke. Terwyl die groei-vooruitsigte vir talle opkomende en ontwikkelende ekonomieë bemoedigend is, is ekonomiese bedrywighede in talle ontwikkelde lande steeds gedemp en laer as die potensiaal.

"Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang."